# Jesus se Hemelvaart

Handelinge 1:1-11

Na Jesus se opstanding het Hy vir 'n tydperk van 40 dae lank op verskeie tye en plekke aan sy dissipels verskyn. Hy het aan hulle opdragte gegee vir die uitdra van die Blye Boodskap. Hulle was nou nie meer net sy dissipels (navolgers) nie, maar het nou apostels (gestuurdes) geword.

Ons lees op verskeie plekke in die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) hoedat die Here Jesus praat oor die feit dat Hy hemel toe, na sy Vader toe, moet gaan. En dan lees ons in Handelinge 1 waar dit uiteindelik gebeur. Lees gerus vir die kinders hierdie verhaal, of laat een van hulle dit self voorlees.

Dit was 'n groot gebeurtenis en vir die dissipels wat dit aanskou het moes dit 'n besonderse belewenis gewees het. Hierdie was 'n belangrike en die natuurlike volgende stap ná sy opstanding omdat Hy sy regmatige plek in die heelal inneem.

Daar is vier groot dinge wat uitstaan as ons dink oor die betekenis van Jesus se hemelvaart (gebruik die tekste by die vrae om te help en laat die kinders dit self opsoek en lees):

1. Dat Jesus regeer. Die hemelvaart beteken dat Jesus aan die Regterhand van God sit. Dit beteken dat Hy al die mag het en regeer oor alles. God se regterhand is regdeur die Bybel 'n simbool van God se mag, waarmee Hy skep en regeer. Jesus is die Koning van die heelal. Daarom hoef ons nie bang te wees nie.
2. Dat God sy Gees vir ons gee. Jesus het belowe dat wanneer Hy na sy Vader toe gaan Hy vir ons die Voorspraak, die Gees gaan stuur om ons te help en by ons te wees (Dit gebeur natuurlik tien dae na die Hemelvaart by die Pinksterfees, maar dit sal ons in meer detail by 'n volgende les hanteer). Dat die Heilige Gees by ons is beteken dat ons kan weet dat ons nooit alleen is nie – die Here is by jou!
3. Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels, voor sy hemelvaart, is ook ons opdrag: dat ons moet vir die wêreld gaan vertel van Jesus. Ons moet uitgaan en dissipels maak. Ons moet Jesus se liefde vir die wêreld gaan wys.
4. Jesus kom weer! Die Hemelvaart laat ons onthou dat Jesus belowe het dat Hy weer gaan kom. Hy maak vir ons plek gereed in die hemel, maar Hy kom om ons te haal en saam met Hom hemel toe, na die Vader toe vat. Daarom kan ons uitsien na sy wederkoms en moet ons elke dag vir Hom lewe, want Hy kan enige tyd kom.